

Quo Vadis

Waar gaan u heen?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

Nr. 52

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

SLAAPLOSE NAG

Dit was weer een van dié nagte!

Die dag het my gepynig met ontelbare sorge — probleemense en mensprobleme.

Ek het weer eens verstaan hoe weinig ek aan my doel beantwoord. Ek het gevoel soos ek my voorstel 'n pen sal voel as jy hom in die poskantoor op die toonbank vasmaak vir die publiek om hul telegramme en etikette vir pospakkies mee te skrywe. Kwes mense 'n mens doelbewus so, of is ons maar almal so onbedagsaam teenoor mekaar?

Die middag was dit die begrafnis van 'n klein kindjie. Die treur-sipresse was so stil...

Ek was so bly toe dit aand word en ek bed toe kon gaan.

Die mooiste

Ek het op my rug gaan lê en ontspan. Oudergewoonte het ek vir oulaas die dag voor my verby laat gaan. Dan vra ek: wat was daar vandag wat ek graag met my wil saamneem? Soms is dit iets uit die natuur soos die sonlig in die goudeel herfsblare. Soms is dit 'n enkele kyk van 'n kind, 'n fyn gebaar van 'n vriend, 'n mooi sin in 'n boek, 'n lied oor die radio. Hoe goed is dit om vir oulaas, voor jy afskeid neem van die dag, die mooiste belewenis in jou gedagte te koester.

Hierdie aand het ek tevergeefs gesoek. Die dag was leeg. Die ure het soos leë treintrokke verbygeraas. Behalwe die paar stil oomblikke in die kerkhof, was dit 'n dag vol teleurstelling.

'n Strepie lig

Die slaap wou nie kom nie.

Buite het die wind in die bome geroer. Die straatlamp het 'n fyn grafiet-tekening op die gordyn gemaak: persketakke wat blaarloos in die hol nag staan.

Dit het seker sag gereën, want ek het die geut meteens hoor drup, drup, drup... in star eentonigheid die klein smeekgebed, oor en oor: my God, my God, waarom verlaat U my?

Oor die kamermuur het daar 'n fyn strepie lig vanaf die straatlamp geskyn, maar verder was alles roetswart duisternis. Meteens het ek ru besef: in die graffie van die kindjie wie se begrafnis ek die middag bygewoon het, is daar selfs nie eens so 'n strepie lig nie.

In my bors was daar 'n dowwe pyn.

'n Aand sonder lied

Ek het probeer om aan iets minder morbied te dink. My werk, ou vriende wat weggetrek het, my kinderjare. 'n Gedig het my binne geskiet wat ek lank gelede in 'n ou sakboekie afgeskryf het:

Uw ogen waren er niet,
uw stem was zo ver, zo ver;
't was een avond zonder lied,
nacht zonder ster . . .
Maar die slaap wou nie kom nie.

Psalms in die nag

Teen die klein uurtjies van die môre het ek opgestaan en deur die huis gedwaal. In my studeerkamer het ek 'n ou meditasiebundel uit die rak getrek. Half doelloos gesit en blaai. En toe val my oog op 'n stukkie wat ek lank gelede gelees het. Die opskrif is: God my Maker,

wat Psalms gee in die nag. Meteens het dit vir my nuwe betekenis gekry. "Hoofsaak is dat jy in so 'n slapelose nag as vanself daarop aangewys is om in dié ure jou God te soek... Meer as enige ander uur is dit so 'n uur in die nag wat jou uitnooi om in die tent van God in te gaan. Daar is in die nagtelike uur iets van die plegtige stilte van die Sabbat. In die nag op ons bed, as ons nie kan slaap nie, is ons so klein... en dan word God so groot."

Om die tang aan te gee

Terug op die bed het ek in die donker gelê. Ander gedagtes het nou in my nag-bewussyn begin oplewe. Ek het oor die Here Jesus begin dink: Jesus in Getsemané, Jesus voor Pilatus, Jesus se geseling, Jesus op pad na Golgota, Jesus aan die kruis, Jesus wat die grafdoeke opvou voordat Hy die stralende dag instap.

Veral die kruistoneel, het ek duidelik probeer voorstel: die ru geweld, die gedruis van die stemme, die vroue wat veraf staan en ween, 'n rooi strepie bloed wat van sy gegeselde rug teen die kruispaal afloop. Daarna sy stil gelaat nadat Hy die asem uitgeblaas het.

Êrens in 'n boek het ek lank gelede 'n foto gesien van die Christusbeeld aan die kruis van Donatello. Die gesig het pynverwonge in die dood verstyf, maar om die lippe was daar iets, net 'n fyn, fyn sweempie van 'n glimlag, so vlugtig dat ek nou nog twyfel of dit regtig daar was. Ek het my in die plek probeer indink van die paar verslae menses wat die liggaam van die kruis moes afhaal. 'n Gedagte uit een van die gebede van Thomas a Kempis het ek onthou: as ek maar daar kon wees om vir die soldaat wat die spykers uit die hande van my Here Jesus moes uittrek, die tang aan te gee...

Die geheim van so 'n nag

Hoe het die mense Jesus gewond om my ontwil, hoeveel nagte het Hy slapeloos in die gebed deurgebring om my ontwil, hoeveel pyn en ang en helse benoudheid het Hy verduur om my ontwil en hoe is Hy in die swart dieptes van die dood gestort om my ontwil?

Ek het voor my bed gekniel.

Hy was so naby dat ek byna die ritseling van sy kleed kon hoor... sy hand vertroostend op my hoof. Toe ek weer opstaan en in die bed tussen die warm komberse inkruip, was daar groot vrede in my gemoed.

Was dit tevergeefs? Die slaaplose nag? Die aand sonder lied? Die nag sonder ster?

In die stil, slaaplose ure het ek opnuut die groot geheim van God se liefde leer ken: dis goed om wakker te wees in die nag en troos vir jou eie wonde uit die wonde van Jesus te ontvang.

P. W. B.

Bo ons bekommernis

*My God, wat tog my lewe is,
hoe smag my hart as 'k U moet mis!
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn
in sielsverlatenheid en pyn.
Ek smag soos alles hier om my
waar 'k swerf in wilde woesteny,
'n dor en uitgedroogde land
waarop die son se vlamme brand.
Ek het voorheen, in stille wag,
U in u heiligdom betrag,
waar U in glans, aanbiddelike skoon,
en alvermoënd sit ten troon.
Want bo ons lewe in bekommernis,
wat sonder U geen lewe is,
skat ek u grote goedheid, HEER,
waarvoor my mond U dankend eer.*

— (Psalm 63:1 en 2).

Ek het ALLES verloor!

Wat is dit wat u verloor het?

In hierdie tyd waarin die meeste se ideaal is om so gou moontlik ryk te word en die dinge se waarde bepaal word volgens die stoflike voordeel wat dit bied, sal die meeste u uitroep so verstaan — dat u al u besittinge en wat daarmee saamhang, verloor het.

Nugter gesien, is u uitroep dat u **alles** verloor het, dan 'n oordrywing? Wie sy aardse besitting verloor het, het nog **baie** oor. Dit kom so duidelik uit in die brief wat Jesus uit die hemel laat skryf aan sy verarmde gemeente Smirna (Openb. 2:8-11).

Hierdie Smirna het in die verdrukking "alles verloor" — in so 'n mate dat Jesus aan hom skrywe: "Ek ken jou verdrukkinge en armoede," maar let dan op die woorde wat hy direk daarop laat volg:

"-maar jy is ryk-" Na die aardse "**alles** verloor" en tog nog ryk! God sê dus dat iemand wat stoflik verarm het, nog geensins alles verloor het nie. Hy kan nog skatryk wees!

Wie God verloor het, het alles verloor

Lees maar die Skrif, hoe Hy genoem word ons "hoogste goed" — vir my is daar geen goed bo U nie."

Daarom sê Habakuk — alhoewel die vyeboom nie sal bloei nie, daar hoegenaamd geen oeste op die lande en geen vee in die krale of stalle sal wees nie — dat hy nogtans sal jubel in die Here en juig in die God van sy heil. (Hab. 3:17, 18).

Mag God gee dat u uitroep in hierdie sin, dat u God verloor het, nie waar is nie, want dan is dit 'n wanhoopskreet in 'n steeds donkerwordende ewige nag van smart!

Ek hoop dus u het eintlik bedoel dat u dit, wat as tydelike besit aan u toevertrou is, verloor het. Ons formuleer dit so, nie om daarmee die grootheid en smartvolle van u beproewing te verkleineer nie.

Die regte woordgebruik:

Mag ek u vriendelik daarop wys dat die Bybel ons onder sulke omstandighede **ander woorde in die mond lê** as "**ek het alles verloor.**"

Dink aan Job — by nog ander verliese het hy op een dag geval van "miljoenêr tot bedelaar" en tienvoudige roudraer oor 7 seuns en 3 dogters. As hy oor alles praat, gebruik hy die woorde: "Die Here het geneem."

Geen slagoffer nie

Waarom is dit so belangrik dat ons mekaar hierop wys? Omdat die uitroep "**ek** het alles verloor" eintlik sê: ek het die onderspit gedelf en is nou die slagoffer van wrede magte. So wil Satan hê ek moet dit sien, want dan begin ek wegsink in wanhoop.

Ons is geen slagoffer van wrede magte nie! Duidelik staan in Ps. 31 : 16: "My tye in u hand" — ook die tye

U uitroep dat u alles verloor het, het nie by ons op dowe ore geval nie. Daarvan wil ek u graag verseker maar voordat ons kan help, moet ons weet wat u eintlik met die uitroep bedoel.

van ramp en teëspoed. Sonder sy wil kan hulle hul nie roer of beweeg teen my nie!

Glo dit. U het niks **verloor** nie. God het in sy soewereine wysheid en goedheid geneem. Wat Hy geneem het, het Hy **in liefde** geneem. Waaruit weet ek dit?

Hy wat nou geneem het, het eers in liefde gegee!

In die ware sin het Hy sy alles gegee: sy Eniggeborene, sy geliefde Seun. Hy het gegee tot by die alleruiterste: die vloekdood op Golgota.

Waar sy liefde duidelik blyk in die krip van Betlehem en aan die kruis van Golgota, glo en vertrou ons dat ook as Hy iets van ons wegneem, Hy nog dieselfde in sy liefde is.

Let ook hierop: Hy neem nie nou net nadat Hy vroeër gegee het nie. Hy gee nog steeds. Ook wat u nou nodig het om in die geloof te oorwin. Rom. 8 : 32 sê: "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons alles genadiglik skenk nie?"

P. J. Opperman

Sinkgate

U ken mos hierdie woord, nie waar nie? Miskien het u dit net in die koerant gelees of oor die nuus gehoor, of miskien het u self gaan kyk. Dalk roep hierdie woord vir u smartlike herinneringe na vore — van skok of verlies.

Wie sal die ontsetting vergeet waarmee ons almal aangegryp was toe 'n hele huisgesin in die nag lewend deur die aarde ingesluk is? Die aand was alles nog reg — maar die môre was daar net 'n aaklige diep gat soos reusagtige oopgesperde kakebene — 'n sinkgat.

Veranderlik

Miskien het u of u vriende 'n hele huis of erf verloor — uitmekaar gekraak, gebars, oopgeskeur. So onverwags en verraderlik. Dis die gevaar van 'n sinkgat: dit waarsku nie altyd betyds nie. Jy kan nie bo-op sien hoe dit onder lyk nie. Terwyl dit bo-op nog vas en veilig lyk, is die aarde besig om onder mee te gee. Die dolomiet-formasie is onbetroubaar. As jy in so 'n gebied wil bou, is jy wys as jy met toetsgate en ander wetenskaplike metodes vasstel of die bodem onder jou veilig is.

Van — sinkgate gepraat, het u u lewe al gesien as 'n **gebou**? Dit is wat u lewe is: 'n kosbare gebou waaraan u elke dag besig is om te messel. Elke dag 'n steen by, elke dag 'n bietjie nader aan klaar en as jy op jou sterfbed lê, word die laaste spyker ingeslaan. Die gebou is klaar — die lewe wat sal voortbestaan anderkant die graf, in heerlijkheid of in chaos en ewige ellende.

Ja, ons bou vir die ewigheid! Wanneer ons die doodsrivier deurgaen, dan sal ons werke ons volg: 'n skone Godsgebou of 'n smeulende rommelhoop — in heerlijkheid of ewige afgrysing. Watter een dit sal wees? Begin by die vraag: op watter formasie het ek gebou?

Eers toets!

Op watter beginsels rus jou lewe? Wat is vir jou belangrik? Waarna strew jy? Ek weet van mense wat gebou het op die sekerheid van aardse goed. Bo-op het alles veilig en sterk gelyk, maar onder was die sinkgat... Eer en skoonheid, vriende of geleerdheid, mag of gewildheid, 'n goeie betrekking, sekuriteit in die bank of in vaste eiendom. Miskien bou jy ook daarop, maar as jy kyk, sal jy reeds die eerste barste sien verskyn!

Jy voel jou veilig? Kom, toets die formasie waarop jy bou: gezondheid, rykdom, eer, plesier, die dinge wat vir jou soveel beteken. Het jy gesien hoe maklik stort dit ineen?

Die bewyse rondom ons

Het jy al 'n bietjie geblaai deur die geskiedenisboeke van die eeue? Het jy gelees van koninkryke wat gekom en gegaan het, van mag wat gebloei en geval het, sterkes wat magteloos versink het, wyses wat dwaas geword het, grotes wat klein geword het, heerlijkheid wat in smaad verval het, genietinge wat in pyn geëindig het en magtige fundamente wat ineengestort het?

Het jy meer bewyse nodig vir die broosheid van aardse kragpilare? Toets jou formasie — en dan sal jy besef — net een formasie is seker: God is vas en stewig, vir vandag en môre en vir ewig. Hy is die rots wat ewig bly, wat self ook die ewigheid geskape het, wat nooit ontrou

kan wees nie en nooit kan wegsink nie. Net in Hom kan jy staande bly, omdat sy liefde ewig vas in Christus bly.

Wat 'n dwaas kan bekostig

Ons bou vir die ewigheid en wie op Christus bou — die Rots wat die toets van dood en graf en hel deurstaan en oorwin het — hy sal ewig staan. Waar alles om jou sink, is Hy die Anker in die storm. Slegs 'n dwaas kan bekostig om te bou op 'n formasie wat verbrokkel en vergaan en by die ware Rots verbygeloop. Die prys wat hy in die ewigheid betaal, is baie duur!

Wees jy 'n huis op die vaste Rots, veilig in die storms! Bou op Jesus Christus, op sy beloftes wat ewig bly, op sy geboorte en sy krag en liefde. Toets vandag jou grond, of is dalk op 'n sinkgat bou, waardeur jy die hemel gaan verloor!

W. J. Maritz

My Ouma se Bybeltjie

'n Bybel is nie sommer 'n boek nie. Dit het my getref gisteraand toe ek my boekrak reggepak het en ek weer my oumatjie se Bybel raaksien tussen my boeke.

Dit is 'n fraai klein Bybeltjie met 'n varkleer-omslag, baie stewig gebind om die hantering van die jare te trotseer. As in aanmerking geneem word hoe dikwels my ouma haar Bybel gelees het oor die loop van in die sestig jaar, was dit 'n duursame uitgawe.

My oorlede pa het dit aan my bemaak as 'n familie-erfstuk — sy oorlede ma se Bybel wat sy as 'n verjaardaggeskenk met haar mondigwording by haar ouers gekry het. Ek het gisteraand besef dat dit nie net 'n stowwerige erfstuk is nie — nee, dit is 'n lewende boek. My ouma se lewensgeskiedenis het in onsigbare letters, tussen die reëls, geskrywe staan.

Die Bybel was my ouma se lig op die pad; die lamp vir haar voet, haar troos in die donker lewensnag, die lofsang vir die vreugdedag — in al haar lewensstorms die ware anker. Sy het dit nie net gelees nie, maar daaruit **geleef**. Sy het baie verse onderstreep en op ander plekke datums van belang in die kantlyn geskryf. So straal haar hele gelowige wese uit die Bybel. Ek noem enkele momente:

12.2.1881 — Mondigwording staan in die kantlyn by Prediker 11 verse 9 en 10 geskryf. Vermoedelik het oorlede oupagrootjie dit daar geskryf, want dit is nie ouma se handskrif nie. Hy wou vir hierdie jeugdige dogter in haar vrolike lewensblyheid die regte lig vir die pad gee: "Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid... maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring..."

25.6. 1900 — Smart der konsentrasiekamp staan in die kantlyn by Openbaring 20 vers 12. Vermoedelik het ouma gehuil toe sy daar gelees het. Die vlekke op die bladsy getuig van die stille trane Die datum staan ook op die grafte van oorlede oumagrootjie en ouma se jongste seuntjie en dogtertjie in die konsentrasiekamp-kerkhof. Dit is hulle sterfdag! Groot smart: oupagrootjie reeds lank heengegaan; my oupa en die oudste seun (my oorlede pa) saam met die burgers in die veld! Sal sy hulle weer in hierdie lewe sien? Dan moes sy nog by die grafte van 'n dierbare moeder en twee liefingkindertjies gaan staan, maar die Woord het getroos: "En ek het die dode klein en groot voor God sien staan en die boeke is geopen..."

2.10. 1901 — Die terugkeer was haar aantekening by Psalm 27 verse 13 en 14. Dit was vermoedelik in die tyd van die terugkeer plaas toe na die Boereoorlog. Oupa en ouma het seker op die werf gestaan van hulle verwoeste plaas: 'n afgebrande huis, verwaarloosde landerye, geen vee en geen geld om weer te begin nie — en hulle is nie meer so jonk nie... "O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie... Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die Here!"

5.7. 1932 — Goue Bruilof: Hierdie woorde staan by Psalm 100 vers 5. Ek was toe al self 'n stewige man, vader van twee kinders en onthou die dag nog goed — die enigste

oorlewende seun (my vader), die kleinkinders en agterkleinkinders was almal op die familieplaas bymekaar. Dit was groot vreugde: "Want die Here is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid en sy trou van geslag tot geslag."

8.5. 1945: Net die datum alleen staan by Filippense 1 vers 23 aangeteken. Dit is in oorlede pa se handskrif. Ouma was al 84 en dit was twee dae voor haar dood. Sy was uitgeleef en baie swak. Kanker het haar liggaam byna verteer en sy kon self nie meer skryf nie. Die versugting het in flou woorde oor haar lippe gekom (en pa was so bedagsaam om die dagboek in die Bybel te voltooi, deur die datum in te skryf): ". . . ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste . . ." My ouma se Bybeltjie — 'n ware **Dagboek** wat getuig het van 'n ware gelowige lewe.

Ek het gedink: Hoe heerlik om 'n gelowige te wees. Dit gee 'n mens soveel vastigheid in die storms van die lewe. Die geloof is deur die Woord van God 'n stewige lewensanker. Ek het op my knieë gegaan en gebid: "O God, gee my hierdie ware geloof. Laat U Woord ook vir my 'n lig vir my pad en 'n lamp vir my voet wees."

My ouma se Bybeltjie het dit my weer geleer.

H. J. van der Walt

U WOORD

*HEER, u woord is my 'n fakkel
wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse
van my lewenspad verja.
'k Het gesweer deur u ontferming
dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe,
deur dit ligglans wil laat lei.*

— (Psalm 119 : 39).

TOE EK HOM IN DIE RYSTOEL SIEN

"Ek is so bly jy kom 'n rukkie met my gesels. Stoot my rystoel na daardie hoekie op die stoep... daar is dit rustig en die winterson skyn daar so heerlik op my bene wat deesdae altyd koud bly... "So ja, dankie ou seun. Daardie swartkop-verpleegstertjie — sy is 'n liewe kind wat uit 'n goeie huis kom. Sy noem dit mos die plekkie waar oom Ewald sy dagdrome droom. Hier kan ek ver sien... oor die stad, oor die gewoel en geraas, tot waar daardie verste randte in die blou newels verdwyn.

"Jy het netnou gevra of ek eensaam is. Ek kry nie gereeld besoekers nie. Dis al so lank dat ek hier is. My kinders bly so ver en hulle kon net party naweke kom. Die derde van hierdie maand was dit presies vier jaar en ses maande dat my vrou oorlede is. Ek verlang na haar, na my kinders, na my kleinkinders, na my vriende, na my grondjie daar in die Waterberge... maar eensaam?"

In Meerbank

Dis 'n moeilike pad wat ek gekom het. As jong seuntjie in Meerbank se konsentrasiekamp het my moeder my Psalm 23 van buite geleer. In die Nederlands van destyds was dit daarna altyd my oggend-en aandgebed en dit het deur my lewe my altyd nog bygebly. In Afrikaans is dit nét so aangrypend mooi. Dis nou net soveel ryker, voller en grensloos, meer nog as daar in Meerbank waar die honger geknaag en siekte en dood geheers het! Toe jy my netnou vra of ek eensaam is, het ek onthou: die Here is my herder! "Nee, ou seun, ek is werklik nooit meer eensaam nie!"

Die Here

"Dink net hieraan: **Die Here** is my herder... die almagtige God wat hemel en aarde gemaak het... onuitspreeklik groot en magtig, die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is! Hierdie God, hierdie **Here** is my herder."

Is

"Die Here **is** my herder: Hierdie woord, is my seun, laat geen ruimte vir enige twyfel nie. Dit bevestig, dit is vas en seker! Meer nog, omdat dit deur die Woord van God bevestig word, dus deur God self, staan dit vas en seker, soos Tafelberg wat uitroon bo die newels van twee oseane wat teen hom aanspoel! Ja waarlik, dis 'n loflied, 'n juigkreet: die Here **is** my herder!"

My

"Maar verder: die Here is **my** herder. Voor die grondlegging van die wêreld het Hy my uitgekies as sy kind — 'n koningskind, 'n prinseseun! In die geslagte het hy my bewaar, kunstig in my moeder se skoot geweef; my ongevormde klomp gesien, my bewaar as kind, as seun, as man, as grysaard. Altyd het Hy my trou beskerm en versorg sodat daar sonder sy wil nie 'n haar van my hoof geval het nie. Selfs die leed wat Hy in hierdie jammer-dal oor my beskik het, was my altyd ten beste bestuur! Watter aardse vors kan sy kind tog ooit so bewaar?"

Herder

"Die Here is my **Herder**: die Goeie Herder wat voor sy skape uitloop, altyd die beste vir hulle soek, hulle lei na die groen weivelde, na die waters waar rus is; hulle beskerm in die hitte van die dag en by hulle waak terwyl dit nag is. Die Goeie Herder lê sy lewe af vir sy skape, vir sy kudde gee Hy die ewige lewe en hulle sal Nooit

verlore gaan tot in ewigheid nie en Niemand sal hulle uit die hand ruk nie! Waarlik, ou seun, ek kan nooit meer eensaam wees nie, want die Here is my herder! Heerlik is dit om dit te weet en te glo!”

Dis Verby

"Die dokter het my gister gesê hulle het my kinders laat weet om my te kom haal. Ek weet presies wat dit beteken: Hulle kan niks meer vir my doen nie; ek weet dit al lankal. Die dokter se simpatieke hand op my skouer, my seun se skor stem en sy hand wat gebewe het toe hy my groet, my dogter wat moes veg teen die trane wat brand! Ek weet ek het aan die einde van die pad gekom... dis verby! Maar ek is so bly om te mag teruggaan na my kinders, na my grondjie waar my vrou ook begrawe lê ..."

"Dankie vir jou besoekie, ou seun, ek waardeer dit opreg en mag ons mekaar in die Paradys weer ontmoet..."

* * * *

Toe ek hom in die rystoel sien, het ek gedink hy is eensaam, omdat daar nie besoekers by hom was nie. Ek wou so 'n bietjie met hom gesels en hom bemoedig! Daardie besoek aan oom Ewald sal ek altyd onthou. Dit bly 'n kosbare herinnering — 'n sieraad van geloofsversekerdheid en kinderlike vertrouwe.

Toe ek tussen die malende stroom besoekers weer my weg na buite moes vind, het ek aan oom Ewald in sy rystoel gedink en aan die woorde van Paulus in sy brief aan die Korinthiërs: "Dood waar is jou angel? Doderyk waar is jou oorwinning?"

J. H. Ras